Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
FEBRUARIE 2019

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BELANGRIKE BOODSKAP OOR HOE OM ELEKTRISITEIT TE BESPAAR



Teen die einde van 2018 was die hele land in die duisternis van beurtkrag gehul. Eskom het verbruikers gevra om hul elektrisiteitsverbruik met minstens 10% te verminder. In 'n poging om inwoners aan te moedig om elektrisiteit te bespaar, het die Overstrand-munisipaliteit die volgende voorsorgmaatreëls saamgestel:

Wenke om elektrisiteitsverbruik by die huis beter te bestuur

Alle elektrisiteitsverbruikers speel 'n deurslaggewende rol in die behaling van energie-doeltreffendheid in Suid-Afrika.

Deur noukeurig te kyk na hoe jy elektrisiteit gebruik, stappe te neem om krag te bespaar waar jy kan en deur die gebruik van jou toestelle te beheer, is dit eintlik redelik maklik om dit te spaar, en terselfdertyd ook geld te spaar. Hier is 'n paar spaar wenke wat jou kan help:

- As jy nie 'n toestel gebruik nie, skakel dit af.
- 'n Geiser gebruik 39% van alle huishoudelike elektrisiteit; skakel dit af om elektrisiteit en geld te bespaar.
- Isoleer geisers en waterpype, aangesien die water dan langer sal warm bly. Verminder die maksimum temperatuurstelling van jou geiser / termostaat, tot 60ºC, en in plaas van 'n lang bad, stort eerder, want storte gebruik minder water en energie. Energie en waterbesparende stortkoppe gebruik minder water en elektrisiteit.
- Gebruik energiebesparende lampe (CFL's) in plaas van gloeilampe.
- Moenie TV's, DVD-spelers en ander elektriese toerusting in bystand laat nie - skakel hulle eerder heeltemal af.
- Dieselfde geld vir kragpunte en aansluitproppe wat selfoonlaaiers of bedlampe bevat.
- Om geld in jou kombuis te spaar, moet yskasdeure so vinnig as moontlik toegemaak word wanneer items uitgehaal word - moenie die deur oophou vir langer as wat nodig is nie.
- Hou kamertemperatuur tussen 18ºC en 23ºC, dra warm klere of gebruik warm waterbottels en vermy die gebruik van verwarmers.

Deur saam te werk, kan ons die las op ons nasionale netwerk verlig en terselfdertyd die waarskynlikheid van beurtkrag verminder.

Bly ingelig en let daarop dat beurtkrag geïmplementeer word deur Eskom en nie deur Overstrand-munisipaliteit nie. Overstrand-munisipaliteit is ook heeltemal afhanklik van Eskom met betrekking tot beurtkrag skedules.

Bly ingelig en wees voorbereid, dit is belangrik vir elke kliënt om te weet wanneer die volgende beurtkrag moontlik gaan plaasvind.

Die situasie van die land se elektrisiteitstelsel kan op die volgende maniere gemoniteer word:

- Kennisgewings op die Eskom webwerf, www.eskom.co.za
- Eskom App "MyEskom" - gratis toepassing vir Appel, Windows Mobile en Android
- Eskom op Facebook en Twitter
- Eskom se Twee-weeklikse Power Bulletin-kennisgewings
- Power Alert opdaterings op televisie
- Inligting versprei na die plaaslike media
- Eskom se kwartaallikse "State of the Power System" opdaterings (vir Media)
- Voortdurende energie-doeltreffendheids- en verliesbeskermingsprogramme - veral 49M, "Integrated Demand Management" (IDM), en Operasie Khanyisa.

2018 NOG 'N JAAR VAN ONDER-GEMIDDELDE REËNVAL IN HERMANUS

Dit blyk dat inwoners en besoekers aan die Groter Hermanus gebied gedurende die afgelope vakansie-seisoen die Overstrand-munisipaliteit se water-beparings-maatreëls baie goed ondersteun het.

Gedurende Desember 2018 het die vlak van die De Bos dam met 5.7% gedaal, teenoor 'n daling van 8.3% gemeet in dieselfde periode in 2015, voor die droogte en die instelling van waterbeperkings. Die De Bos Dam se vlak was op 58.3% teen einde Desember 2018, in vergelyking met 56.7% teen einde Desember 2017, en 87.9% teen einde Desember 2016.

Die totale waterverbruik in Hermanus vir Desember 2018 was 413.9 Megaliter, in vergelyking met 495.6 Megaliter in Desember 2016, voor die droogte begin het.

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee het sy dank uitgespreek aan almal wat bygedra het tot die waterbesparings, en gesê dat hy staatmaak op inwoners en besoekers se voortgesette ondersteuning. Hy het ook onderneem om verligting van die waterbeperkings en beperkingstariewe aan te kondig sodra die water-situasie na normaal teruggekeer het.

Daar is in 2018 'n totaal van 520mm reën gemeet in Hermanus, met die gevolg dat 2018 die vierde agtereenvolgende jaar met onder-gemiddelde reënval was. Die langtermyn gemiddelde reënval vir Hermanus is 620mm per jaar. Totale reënval gemeet in Hermanus in 2015 was 510 mm, in 2016 was dit 526 mm, met 502 mm gemeet in 2017.

Volgens die rekords van reënval gemeet by die munisipale kantore in Hermanus sedert 1936, was die 5 droogste jare tot datum 1973 (365 mm), 1969 (446 mm), 1988 (464 mm), 1975 (468 mm), en 2000 (494 mm).

Op hierdie stadium bly die Vlak 2 waterbeperkings, insluitend die eerste vlak van waterbeperkings-tariewe, van krag. Persele met ewe genommerde straat adresse mag hul tuine slegs op Woensdae vir maksimum een uur besproei, en onewe genommerde straat-adresse vir maksimum een uur op Dinsdae. Geen besproeiing mag tussen 9:00 en 17:00 op enige van hierdie dae plaasvind nie. Die afspuit van voertuie en harde oppervlakke met 'n tuinslang wat gekoppel is aan munisipale water word nog nie toegelaat nie.





QDEN BLAAUW, CLARA LUBBE EN LOUIS NEL

Musiekliefhebbers in die Overstrand gaan die geleentheid kry om die room van ons jong kunstenaars in SA te hoor wanneer hulle in die Burgersentrum op Hermanus optree. Hierdie jong kunstenaars moet onder 18 wees om te kwalifiseer vir deelname aan die NATIONAL YOUTH MUSIC FOUNDATION kompetisies. Kom luister gerus na die algehele wenner en twee opvolgers van die 2018 kompetesie op Sondag, 17 Februarie. **Qden Blaauw, Clara Lubbe en Louis Nel** sal jul betower op die klavier en saksofoon. *Die konsert begin om 15h30 in die Burgersentrum op Hermanus. Kaartjies kos R150 en R60 vir studente en is beskikbaar by die Toerismekantoor (028 312 2629). Rig navrae aan René du Plooy (082 940 4238).*

OVERSTRAND VELDBRANDE IN 'N NEUTEDOP

Hermanus en Karwyderskraal. Die eerste brand in Karwyderskraal het omstreeks 01:00 op Woensdag 9 Januarie 2019 begin. 'n Span het dadelik gereageer omdat hulle besig was om brandpunte in die omgewing te blus. Daar word geglo dat die vuur wat deur dele van die Hemel-en-Aarde vallei gesprei het, ontstaan het uit 'n vuur wat op Kersdag in die Karwyderskraal-streek uitgebreek het. Op 11 Januarie in Hermanus het 'n ander brand by Hemel en Aarde ontstaan en dit het na die Hermanus Sakekern versprei. Volgens die brandweerhoof Lester Smith het ou uitheemse plantegroei in die Hemel en Aarde vallei bygedra tot die vinnige verspreiding van die vuur. Omstreeks 13:00 op Vrydag 11 Januarie 2019 het brandweerhoof Lester Smith 'n kode rooi by die Provinsiale Regering verklaar. Om met die brandbestryding te help, is die hulp van Provinsiale Regering en spanne van die Tuinroete Distriksmunisipaliteit, Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Stellenbosch Munisipaliteit, Overberg Distriksmunisipaliteit en Hessequa Munisipaliteit bekom. Ander agentskappe soos Working on Fire, Enviro Wildfire, NCC Environmental Services, Limitless, buurtwagte, Stem in die Bos (Barry Stander), Vrywillige Wildvuurdienste, Overberg Wildfire Services en baie ander het ook bystand verleen. Skade wat in hierdie voorval gerapporteer is, was drie strukture, waaronder die skuur wat by Camphill vernietig is.

Bettysbaai en Pringlebaai. 'n Verwoestende bergbrand woed sedert 1 Januarie 2019 bo Mooiuitsig, Bettiesbaai. Gesamentlike aksies deur Kaapse Natuurbewaring, Overstrand Brandweer en Redding, Overberg Distriksmunisipaliteit en die Stad Kaapstad het daarop gemik om die brand te bestry wat steeds opwaarts in die steil berg versprei het. Brandbestryding het grond- en lugvaartbronne ingesluit, maar is belemmer deur smeulkolle, sterk oostelike suidoostelike winde en die steil bergagtige terrein.Teen 3 Januarie het die brand na Pringlebaai versprei en teen 10 Januarie bly die brand steeds aktief. Op Vrydag 11 Januarie het stygende vlamme teen die berg af by Bettysbaai versprei, ongeveer 41 huise het heeltemal afgebrand, met 28 huise wat gedeeltelike beskadig is.
Die meeste inwoners van Sunny Seas, Bettysbaai, het net daarin geslaag om met die basiese noodsaaklikhede te ontsnap, aangesien daar baie min tyd was om uit die vuur te vlug.Die sterk winde en veldbrand het daartoe gelei dat mense uit hul huise ontruim word. Sommige lede van die gemeenskap het hul huise en al hul besittings in die brand verloor. Teen die tyd dat hierdie artikel gepubliseer is, is die toneel nog nie veilig verklaar nie.

'n Man is reeds in verband met die Bettiysbaai-brand gearresteer. Die vermeende oortreder, Shelton "Bassie" April van Mooiuitsig-woongebied, Bettysbaai is in aanhouding tot sy volgende verskyning op 23 Januarie 2019. Ten tye van hierdie publikasie was daar nog geen aanduiding van die hofuitspraak nie.

BETTYSBAAI BRAND - BELONING

'n Belonging van R5 000 word aangebied vir inligting wat sal lei tot die brandstigter(s) se inhegtenisneming en skuldigbevinding van die persoon (persone) wat gedurende die vroeë oggendure van 1 Januarie 2019 vuurwerke / fakkels in die Kogelberg-natuurreservaat in Bettysbaai afgevuur het. **Skakel die brandweer se noodnommer by 028 312 2400 of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za met inligting.**

Gansbaai / Franskraal / Masakhane Brand. Na bewering het dié brand laat op Woensdag, 9 Januarie 2019 ontstaan nadat onwettige strukture in die Masakhane-woonbuurt afgebreek is en betogers bosse aan die brand gesteek het. Smeulkolle is voortdurend dopgehou en is op Donderdag, 10 Januarie onder beheer gebring. Op Vrydag, 11 Januarie het betogers weer bosse aan die brand gesteek, en het die veld weer begin brand. 'n Sterk wind het die vlamme aangejaag en na Franskraal laat versrpei. Tussen 1 000 en 1 200 inwoners is aangesê om hul huise te ontruim weens bedreiging. Altesaam vier huise en/of strukture is in puin gelê en twee gedeeltelik beskadig. Danksy die spoedige hulp van bure en ander inwoners van die Gansbaai-omgewing is verdere skade aan huise voorkom. Inwoners het ook verblyf verskaf aan diegene wie hul wonings moes ontruim. **Overstrand-munisipaliteit versoek persone wie oor inligting beskik wat tot die opsporing en in hegtenis name van die brandstigter(s) sal lei, om die Gansbaai Polisie te skakel by 028 384 0201 of 079 893 9972. Alternatiewelik kan die brandweer se noodnommer geskakel word by 028 312 2400 of 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za te stuur. 'n Belonging van R25 000 word aangebied vir inligting wat sal lei tot die brandstigter(s) se inhegtenisneming en skuldigbevinding.**

Dankie....

Overstrand-munisipaliteit wil graag opregte dank en waardering oordra teenoor alle instansies, gemeenskappe, individue en omliggende dorpe wat hulp verleen het om die brand onder beheer te bring.

- Overberg-distriksmunisipaliteit
- GoFPA (Greater Overberg Fire Protection Association)
- Kaapse Wynlande-distriksmunisipaliteit
- Stad Kaapstad
- Tuinroete-distriksmunisipaliteit
- Stellenbosch-munisipaliteit
- Hessequa-munisipaliteit
- Weskus-distriksmunisipaliteit
- WesKaap Provinsiale Verkeer
- Suid-Afrikaanse Polisiediens
- Buurtwagte
- Plaaslike besighede, vrywillers en instansies
- Working on Fire
- Kishugu Aviation
- NCC Environmental Services
- Cape Nature
- Enviro Wildfire
- Suid-Afrikaanse Weermag (SANDF - Oryx helicopter)
- Limitless
- Stem in die Bos (Barry Stander)
- Wes-Kaapse Provinsiale Regering
- Overberg Wildfire Services
- Volunteer Wildfire Services
- FMU's (Fire Management Units)
- Henley Air
- EMS (Emergency Medical Services - Metro)
- EMR (Emergency Medical Response)
- CMC (Critical Medical Care)
- ER24 (Emergency Response)
- Pringlebaai Vrywillige brandweerspan
- Vrywilligers wie diens gedoen het by gemeenskapsale
- Alle ander rolspelers wie nie hier genoem is nie Ons verskoning vir diegene wat hier uitgelaat is, maar wees verseker al die ondersteuning word opreg waardeer.

BRANDVOORKOMING IS ALMAL SE PLIG

Die brande in Overstrand is tans onder beheer, maar brandbestryders monitor steeds gevaarpunte vir ingeval die brande weer opvlam. Brandweerspanne is besig met opruimingswerk en hou die lyne dop vir moontlike opvlammings.
Met die ter perse gaan, is minstens 14 000 hektaar grond die afgelope 3 weke vernietig deur verwoestende brande, aangejaag deur 'n sterk wind. In Bettysbaai is ± 12 000 ha verwoes, ± 1 300 ha in Hermanus en byna 1 000 ha in Franskraal. Hoewel die brande onder beheer is, word dit nog nie as veilig beskou nie.
Op een stadium was 52 brandweervoertuie getel en 226 brandbestryders ontplooi terwyl 8 helikopters die brandweer bygestaan het met hul eie ondersteuningsnetwerk. Hierdie getalle het voortdurend verander, afhangende van die toestande en waar hulpbronne die nodigste was.
In Bettysbaai is 41 huise vernietig in die brand en 28 beskadig terwyl daar 2 huise op Pringlebaai verwoes is en 'n hele paar beskadig. Op Hermanus het twee huise en 1 skuur afgebrand en op Gansbaai (Franskraal) is vier huise vernietig en 2 gedeeltelik beskadig.
• *Let wel, die finale beraming van skade kan slegs gedoen word sodra die toneel veilig verklaar is.*

DONASIES

Enige skenkings kan by die Overstrand Brandweer afgelewer word in Musselstraat 14, Hermanus Industriëlegebied. Die Hermanus-brandweerstasie is 24 uur per dag oop. Dui asb. u voorkeur verspreidingsgebied duidelik aan.

Finansiële bydraes kan inbetaal word in die volgende rekening:
REKENINGHOUER: Overstrand Municipality
REKENINGTIPE: Lopende rekening
BANK: ABSA Bank
TAK: Hermanus
TAKKODE: 334-812
REKENINGNOMMER: 3220 000 035
Verwysing: as voorbeeld
- EMF / GGB / BELONING
- EMF / KBB / STEUN
- EMF / HMS / STEUN
Afkortings staan vir:
- EMF = EXECUTIVE MAYOR FUND;
- GGB = GANSBAAI BRAND;
- KBB = BETTYSBAAI BRAND;
- HMS = HEMEL-en- AARDE BRAND;
Die laaste gedeelte van die verwysing dui die beoogde doel van die bydrae:
• Steun vir aanwending as ondersteuning vir brand slagoffers, of
• Beloning vir aanwending as beloning om skuldige brandstigters te identifiseer.

REGISTREER OP OVERSTRAND SE SMS-DATABASIS

Rekeninghouers kan van die munisipaliteit se SMS-databasis gebruik maak om hul selfoonnommers te registreer sodat hulle kennisgewings kan ontvang, soos

- Noodgevalle, bv. veldbrande, vloede en verkeersprobleme;
- Gesceduleerde onderbrekings waartydens munisipale elektrisiteit- en waternetwerke instandhouding of herstelwerk sal ondergaan, uitgesonder onderbrekings wat deur Eskom beheer word.

HOE OM VIR DIE MUNISIPALITEIT SE SMS-DIENS TE REGISTREER:

Rig asseblief 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za of kontak 'n kliëntediensbeampte by jou naaste Municipal Kantoore as jy die SMS-diens wil aktiveer. Gebruik asseblief u munisipale rekening-nommeras u verwysing. Slegs een kontaknommer per huishouding.

KLEINMOND: Vyfde Laan 33, Kleinmond; 028 271 8400
HERMANUS: Magnoliastraat, Hermanus; 028 313 8000/8111
STANFORD: Queen Victoria-straat 17, Stanford; 028 384 8500
GANSBAAI: Hoofweg, Gansbaai; 028 384 8300

• Jou kontakinligting sal as vertroulik hanteer word en sal nie aan ander partye openbaar gemaak word nie.